

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 24 April 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel.

Lees: Gal 5: 13-26.

Fokus: Gal 5: 16-18 (OAV).

Tema: Wandel deur die Gees.

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na 'n operasie en sy toestand is kritiek.
- Cara Palmer (dogter van Martiens en Hannelie) is nou al vir 'n tydlank siek en baie verswak.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.

- **Kinderkerk:** al die kinders gaan vandag van 09:00 af na die klaskamers.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom vanmiddag om 17:00 in die kuierkamer bymekaar.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- Die **begrafnisdienegroep** vra of iemand dalk weet waar hul wit tafeldoek en appelkooskleur overlays is. Sê asb. vir Johanna de Klerk as jy onthou waar dit is.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** is dit Groep 2, Elma, Karla, Annamie en Hilda. Volgende Sondag is 'n langnaweek en op 8 Mei is dit Groep 3 se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die Lewende Woord vir jou vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gal 5: 13 – 26.

Fokus: Gal 5: 16 – 18 (OAV).

Wandel deur die Gees.

1. Wandel deur die Gees is nie ongedissiplineerde vryheid nie.

- Stryd tussen die vlees en die Gees.
- Ware vryheid lê nie in die uitoefening van keuses nie, maar in die gevolge van die keuses wat ons gemaak het.

2. Wandel deur die Gees is nie om onder die wet te wees nie.

- Die wet funksioneer as 'n vloek sonder Christus.
- Die wet stimuleer baie keer die begeerte om te doen wat dit reeds probeer verbied.
- Oorwin die vlees met liefde van die Heilige Gees.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Wat word bedoel met die *vlees* in Gal 5: 16 en 17?
- Wat word bedoel met: "Ware vryheid lê nie in die uitoefening van keuses nie, maar in die gevolge van die keuses wat ons gemaak het"? Noem praktiese voorbeelde.
- Wat is die gevolge van die wet volgens Rom 7: 5?
- Watter soort verhouding soek God met ons?

Gebed: Elkeen het 'n spesiale geskenk

Mense het al dikwels na my toe gekom en gesê dat hulle nie iets kan doen nie, want hulle het agter in die ry gestaan toe gawes en talente uitgedeel is. Paulus stem egter nie saam met die mense nie: **6... Christus het vir elkeen van ons iets besonder gegee om in die gemeente te doen. 7 Hierdie spesiale geskenke het Hy vir ons gegee sonder dat een van ons dit verdien het.**

Daar het jy dit nou. Elke mens het 'n gawe van God ontvang. Jy het ook 'n gawe van God ontvang. Jy het 'n spesiale geskenk wat jy kan inspan om 'n verskil te maak daar waar jy werk en speel.

Die uitdaging is om dit te ontdek en die eerste vraag wat jy moet vra is wat is vir jou lekker. Wat kom vanself? Waar spandeer jy jou energie, maar jy raak nooit moeg daarvan nie? Inteendeel! Dit gee jou energie. Die kans dat die antwoorde op die vrae jou gaan lei na jou gawe is baie goed.

Op Moreleta se webtuiste kry ek hierdie moderne lys oor gawes. Gaan hierdeur en kyk watter van die gawes kom gemaklik by jou:

Apostelskap (nuwe bedieninge, visionering)
Administrasie (organisasie, effektiwiteit, orde, struktuur)
Onderskeiding (suiwerheid, duidelikheid, insig)
Handvaardigheid (hulpmiddels, kommunikasie)
Bemoediging (aansporing, geloofsversterking, ywer)
Kreatiewe kommunikasie (kreatiewe uitdrukking van die evangelie)
Hulpvaardigheid (ondersteuning, onderbou, bemagtiging)
Gasvryheid (vertroue, sigbare liefde)
Geloof (koers, God se beloftes en versorging)
Vrygewigheid (hulpbronne, versorging, aansporing)
Evangelisasie (nuwe gelowiges, oorsteek van grense met die evangelie)
Genesing (heelheid, God se krag, herstel van gebrokenheid)
Wonderwerke (God se krag en almag)
Voorbidding (voorsiening, beskerming, insig)
Leierskap (rigting, visie, verhoudingsbou, motivering)
Kennis (leersuiwerheid, openbaring, praktiese lering)
Barmhartigheid (verligting van nood, "Jesus se hande")
Interpretasie ('n Boodskap van opbou)
Onderrig / Lering (geloofstoepassing in die praktyk)
Herderskap (sorg, begeleiding, gemeenskap)
Vreemde tale (boodskap, verdieping, wysheid)
Wysheid (duidelikheid, beplanning, insig)
Profesie (korreksie, belydenis, waarskuwing)

Indien jy nog steeds sukkel om agter te kom wat jou gawe is, vra die mense rondom jou wat jou goed ken. Wys vir hulle die lys en sê hulle moet kyk watter gawe die beste by jou pas.

Dit is so belangrik om jou gawe te ontdek, want as jy weet watter gawe God jou gegee het, kan jy dit inoefen en opskerp. Dan kan jy dit tot eer van God gebruik en jy kan 'n

verskil maak orals waar jy gaan. As al die kinders van God net hulle gawes in werking stel, sal die wêreld daar buite vir seker anders lyk.

Teks: Efesiërs 4:1-10 **Om oor na te dink**

Glo jy dat God vir elke mens 'n gawe gee?

Wat is jou spesiale geskenk?

Waar kan jy dit gebruik?

Gebed

Vader, dankie dat U aan elke mens 'n spesiale geskenk gegee het. Dankie dat U ons toerus om waar ons gaan 'n verskil te maak en juis daardeur gevul te word. Help ons, Here, om nie ons gawes onder die emmer weg te steek nie, maar orals plekkies te soek waar ons dit in werking kan stel. Amen

Oorgeneem van Kruispad deur Gerjo Ben

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag:

25/04	INA COETZEE	0844966186	011 888 5029
25/04	KOBUS SCHOEMAN	084 598 7066	
26/04	MIAS VOSLOO	082 532 5641	
27/04	HANNES SCHUTTE (87)	011 672 9200	
28/04	ANNETJIE CORNELISSEN	083 760 8837	

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za